higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)

**15 NOVEMBER 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: PERSVERKLARING**

***VARS VANI PLAAS***

**Tel: 022 254 3221 X** **Breëstraat 13 X**
**Faks: 022 254 3432** **Langebaan**
**7357**

**NAVRAE:** Enige naam, van en nommer **X**

**PERSVERKLARING** **Vrystellingsdatum:** 4 April **X**

NUWE GESONDHEIDSWINKEL IN LANGEBAAN **X**
(enige relevante opskrif)

*Vars vani Plaas*✓ is 'n nuwe gesondheidswinkel✓ wat sedert 1 Maart in Langebaan handel dryf.✓ Die winkel se doelwit is om die gemeenskap aan te moedig om gesonder en langer te leef deur vrugte, groente, neute en kruie van hoë gehalte te gebruik.✓ (belangrikste inligting, nie meer as 30 woorde nie)

**X** Breë kantlyne

Hierdie produkte is met geen toksiese middels behandel of chemies gemanipuleer nie.✓ Die winkel verkoop ook die volgende produkte: verskeie glutenvrye, suiwelvrye en suikervrye produkte, minerale aanvullings, natuurlike vel- en babasorgprodukte en vele meer.✓

**X** Breë kantlyne **X** dubbel lynspasie

Daar is ook tans 'n kompetisie aan die gang✓ waar vyf gelukkige kopers 'n kans staan om koopbewyse ter waarde van R1 500 elk te wen.✓ Om deel te neem moet R200 of meer by die winkel spandeer word.✓ Die kompetisie duur tot einde Mei✓ en wenners sal op 10 Junie bekendgemaak word.✓

Die winkel is geleë in Breëstraat naby die Langebaan-biblioteek.✓

Vir verdere navrae kan die winkeleienaar (enige naam en van)✓ by die volgende nommer gekontak word:✓

EINDE **X**

| **INHOUD: 14** | **UITLEG: 2** | **TAAL:4** |
|---|---|---|
| Aangedui met✓ | Aangedui met **X**<br>-½ per fout en/of weglatings | -½ per fout/weglating |

**[20]**

**VRAAG 2: ANTWOORD OP NAVRAAGBRIEF**

*VARS VANNI PLAAS* **X**

Tel: 022 254 3221 **X**
Faks: 022 254 3432 **X**

Breëstraat 13 **X**
Langebaan **X**
7357 **X**

Datum (enige datum ná 10 April) **X**

Me. E. Nel **X**
Adres/Posbus (enige) **X**
Laingsburg **X**
Kode: Enige vier-nommer kode **X**

Geagte me. Nel **X**

U NAVRAAG: FACEBOOKBLAD EN AANKOPE (enige relevante opskrif) **X**

Dankie vir u brief gedateer 10 April.✓ Die winkel het wel 'n Facebookblad, naamlik *Vars vani Plaas Gesondheidswinkel*.✓

Kliënte kan bestellings op die blad plaas,✓ maar bestellings sal eers versend word ná bewys van betaling ontvang is.✓ 'n Addisionele bedrag van R125,00 per bestelling is betaalbaar om koerierkoste te dek.✓

Ongelukkig sal kliënte wat op hierdie wyse aankope doen nie mag deelneem aan die kompetisie nie,✓ aangesien ek graag plaaslike inwoners wil lok om plaaslike aankope te verhoog.✓

Ek hoop u verstaan en dat ek binnekort u eerste bestelling te wagte kan wees.✓ (enige welwillendheidsin)

Die uwe **X**

Handtekening **X**
Enige naam en van **X**
Eienaar/Bestuurder **X**

| **INHOUD: 9** Aangedui met✓ | **UITLEG: 6** Aangedui met **X** -½ per fout en/of weglatings | **TAAL: 5** -½ per fout/weglating |
|---|---|---|

**[20]**

**VRAAG 3: SIERADVERTENSIE**

VARS VANI PLAAS✓
is op soek na 'n
WINKELASSISTENT✓

Persone tussen 18 en 30✓ met matriek✓ en wat hardwerkend en eerlik is,✓ goeie kommunikasievaardighede het✓ en vlot in Afrikaans en Engels is,✓ kan aansoek doen. Indien die persoon vaardig in een Afrikataal is, sal dit tot sy of haar voordeel strek.✓

Verantwoordelikhede sal onder andere insluit:
vriendelike ontvangs van kliënte in die winkel✓
neem van telefoonoproepe✓
hantering van inkomende Facebook-boodskappe en -bestellings✓
toepas van voorraadbeheer✓
voorraad op rakke netjies hou✓

Die persoon moet in die area woonagtig wees✓ en bereid wees om van 07:00 tot 19:00 in die week te werk.✓ Die uurlikse tarief is R31.✓ Die pos is onmiddellik beskikbaar.✓ Studente is welkom.✓

Indien u oor die nodige vaardighede beskik rig 'n verkorte CV✓aan (enige naam en van)✓ by (enige e-pos).✓ Die sluitingsdatum is 20 Mei.✓

| **INHOUD: 11** | **UITLEG: 2** | **TAAL: 2** |
|---|---|---|
| Aangedui met✓<br>(22 × ½) | Aangedui met **X**<br>-½ per fout<br>raam, gesentreerd, hoofletters vir besigheid en betrekking (ABBA) | -½ per fout/weglating |

**[15]**

**VRAAG 4: VERKOOPSBRIEF**

*VARS VANI PLAAS* **X**

Tel: 022 254 3221 **X**
Faks: 022 254 3432 **X**

Breëstraat 13 **X**
Langebaan **X**
7357 **X**

Datum (enige datum ná 1 Maart) **X**

M……………………
............................
……………………
............................ **X**

M............................ **X**

IS JOU SELFOON SKOON? (enige relevante opskrif) **X**

Dalk was jy jou hande, maar hoe gereeld maak jy die oppervlakte van jou foon skoon? Dit is 'n broeikas vir bakterieë. (belangstelling)✓

*Vars vani Plaas* het twintig *PhoneSoaps*,✓ 'n Amerikaanse selfoontoestel✓ wat nie net die batterye van die foon laai nie, maar ook alle kieme op die foon binne enkele minute vernietig, bestel.✓ Navorsers het bevind dat selfone tot 18 keer meer bakterieë en kieme bevat as 'n publieke badkamer.✓ Dit is verder bevind dat selfone 30% bydra tot velsiektes en mondsere.✓ Die toestel kos R850 en die eerste vyf persone wat die toestel koop sal 10% afslag kry.✓ (belangstelling)

Waarom nog langer jou gesondheid in gevaar stel? Kry berusting, kry 'n *PhoneSoap*! (begeerte)✓

Kom besoek gerus ons winkel óf ons Facebookblad. (aksie)✓

Die uwe **X**

Handtekening **X**
Enige naam en van **X**
Eienaar/Bestuurder **X**

| **INHOUD: 9** | **UITLEG: 6** | **TAAL: 5** |
|---|---|---|
| Aangedui met✓ | Aangedui met **X**<br>-½ per fout en/of weglatings | -½ per fout/weglating |

**[20]**

**VRAAG 5: ONDERSOEKVERSLAG**

*VARS VANI PLAAS* **X**

VERSLAG OOR ORGANIESE BABAKOS **X**

1. OPDRAG EN DOEL **X**

Na aanleiding van navrae deur drie vroue oor die moontlike verkope van organiese babakos,✓ gee (enige naam en van)✓ op 11 Julie✓ opdrag aan Fatin Razif✓ om ondersoek in te stel. Die doel van die verslag is om te bepaal of dit wel volhoubaar vir die winkel sal wees om hierdie produkte aan te hou.✓

2. ONDERSOEKMETODES **X**

2.1 Enige relevante ondersoekmetode (ondersoek ter plaatse, navorsing, vraelys, onderhoud)✓

2.2 Enige relevante ondersoekmetode✓

3. BEVINDINGE **X**

3.1 Bespreek 2.1 metode se bevindinge. Noem feite: spesifieke getalle, tye, nommers, name.✓✓

3.2 Bespreek 2.2 metode se bevindinge.✓✓

4. GEVOLGTREKKING **X**

Dui aan of babakos volhoubaar vir die winkel sal wees.✓

5. AANBEVELINGS **X**

5.1 Enige relevante aanbeveling✓✓

5.2 Enige relevante aanbeveling✓✓

OPGESTEL DEUR: **X**

Handtekening **X**
Me. Fatin Razif **X**
Winkelassistent **X**

Breëstraat 13 **X**
Langebaan **X**
7357 **X**
Tel: 022 254 3221**X**

18 Julie (enige datum tussen 11 en 18 Julie) **X**

| **INHOUD: 17** Aangedui met ✓ | **UITLEG: 4** Aangedui met **X** -½ per fout en/of weglatings | **TAAL: 4** -½ per fout/weglating |
|---|---|---|

**[25]**

**TOTAAL: 100**